Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 7: *Vayetze* (אציו) – En Hy Het Gegaan.

Ya'akov het uit Be'er-Sheva vertrek in die rigting van Haran. Gen. 28:10 – PWL[1]

Torah : Gen. 28:10 tot 32:3.

Haftorah: Hosea 12:13 tot 14:10.

Hernieude Verbond: Matt. 3:13 tot 4:11; Joh. 1:43 tot 51; 1 Kor. 10:6 tot 11.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 7 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2013/01/Parashah7Notas14.pdf of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info

Die Torah van YHVH is Sy onderrig en instruksies wat ook YHVH se wysheid bevat.

The more we study the Word of YHVH and the examples of the lives of those showcased therein, the more we can learn about our own lives. So study the recorded events about the lives of YHVH's servants of old to learn wisdom for your daily life and spiritual walk (Nathan Lawrence; *Vayetze*).

To acquire knowledge, one must study; but to acquire wisdom, one must observe!

Ons word ook herinner aan die woorde van Paulus ten opsigte van die doel van alles wat met Israel van ouds gebeur het.

Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons, dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: "Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel." Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie. Laat ons nie ook Die Gesalfde Een toets soos sommige van hulle Hom getoets het en slange hulle vernietig het nie. Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het nie en deur die vernietiger vernietig is. Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. 1 Kor. 10:6 tot 11 – PWL.

For unless your hearts are free from worldly hopes and worldly fears, you never will speak boldly, as you ought to speak – Whitefield.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Midrash (Torah Bespreking)

‘n Seën en Hervormer

Paulus het aan Timotheus geskryf dat alles in die Afgesonderde Skrifte deur YHVH self geïnspireer is (2 Tim. 3:16 en 17). Daar is dus geen nuttelose (ydele) en onnodige woorde in die Skrifte nie.

Daarom kan ons wel vra na die rede hoekom die openingsvers van ons parashah verwys na Jakob wat uit Berseba vertrek het en na Haran gegaan het? Sou dit nie voldoende gewees het om ons in te lig dat Jakob na Haran gereis het nie? Hoekom word die plek van waar Jakob vertrek het, naamlik Berseba, spesifiek in Torah genoem?

Israel se wysgere van ouds wys daarop dat die regverdige (Hebreeus: die *tzaddik*) bydra tot die heerlikheid, vernaamheid en grootsheid van ‘n stad, dorp en die omgewing waar hy woon. Indien die regverdige die stad, dorp of omgewing waar hy woon verlaat, gaan ‘n gedeelte van die heerlikheid en grootsheid van die stad, dorp of omgewing verlore.

Salomo skryf dat daar seëninge op die hoof van die regverdige is (Spr. 10:6), asook dat die mond van die regverdige ‘n fontein van lewe is (Spr. 10:11 en 16) en die vrug van die regverdige is ‘n boom van die lewe (Spr. 11:30). Die tong (woorde) van die regverdige is ook uitgesoekte silwer en vol onverdiende guns (help baie mense reg) (Spr. 10:20 en 21). Daarom sê Salomo:

Wanneer dit goed gaan met die regverdiges, word die stad kragtig; wanneer die bose verlore gaan is daar uitroepe van vreugde. Spr. 11:10 – PWL.

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat die regverdige (*tzaddik*) seëninge na sy omgewing, dorp of stad bring!! Die regverdige se invloed in die samelewing bring altyd positiewe verandering!! Hierdie invloed is in die sigbare (die fisiese), maar ook in die onsigbare, naamlik in die geesteswêreld.

Ons word ook herinner aan Abraham, ons regverdige voorvader, se rol in die redding van Lot uit die stad Sodom! Abraham die regverdige, het as voorbidder vir Sodom opgetree (Genesis 18 en 19). Die regverdige het inspraak by YHVH ons God en Vader!

Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat Jakob bygedra het tot die heerlikheid, grootsheid en vernaamheid van Berseba. Hy was ‘n regverdige wat ‘n positiewe invloed op sy omgewing gehad het. Hy was ‘n voorbeeld van vertroue in YHVH-God en gehoorsaamheid aan Torah, want hy het in die voetspore van sy vaders Abraham en Isak gestap. Toe Jakob Berseba verlaat het, het sy invloed en bydrae tot hierdie samelewing verdwyn.

Het Yeshua met bogenoemde waarheid in gedagte die volgende aan Sy dissipels gesê?

En almal wat julle nie ontvang of na julle luister nie, gaan daarvandaan weg en skud die stof onder julle voete af tot ‘n getuienis teen hulle. Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir Sodom of Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad. Mark. 6:11

Wanneer ‘n stad, dorp of die samelewing ‘n regverdige van YHVH verwerp, en nie na sy woorde wil luister nie, sal daar ‘n oordeel oor hulle kom wat groter as die van Sodom en Gomorra sal wees!!

In die vorige *parashot* het ons geleer wie is YHVH se regverdiges (*tzaddikim*), naamlik die wat onskuldig en opreg is. Dit is diegene wat glo in Yeshua as die Messias en wat Torah-gehoorsaam as regverdige lewe. Dit is hulle wat die opdrag het om te gaan om redding deur Yeshua te verkondig en om die wat glo te doop en te leer om ware dissiples te wees, naamlik Torah-gehoorsaam te wees (Matt. 28:19 en Mark. 16:15 en 16).

Volgens Yeshua se woorde is die volgende dus duidelik: Indien die regverdiges nie deur ‘n gemeenskap (stad, dorp, groep, ‘kerk’, individu) ontvang word nie, en daar nie na die boodskap (woorde) van die regverdiges geluister word nie, sal YHVH hulle en elke individu oordeel met ‘n oordeel groter as die van Sodom en Gomorra!

As kinders van Abraham deur geloof in Yeshua is ons ook as regverdiges geroep om ‘n seën vir ander te wees, nie net in ons huishoudings nie, maar ook in ons gemeenskap, dorp en stad.

As regevrdiges (*tzaddikim*) moet ons geloofslewe sodanig wees dat ons teenwoordigheid in die samelewing waarneembaar is, waardeer word en ‘n positiewe impak het. Ons moet ‘n verskil maak in ons omgewing waar ons lewe en beweeg! Ons is nie geroep om in ons binnekamer of studeerkamer ‘weg te kruip’ nie. Nee, ons is geroep om hervormers te wees!!

You are Called to be a Reformer

You are a generation called to be reformers. You are a reforming generation. You are here because YHVH marked you. You are here because you are a difference maker. There is something in your DNA that cannot accept status-quo or business as usual or things as they are.

You will never fit in the box or be marked as normal. Deep in your heart you know you are called to change things – to rock the boat.

You love God, but hate religion. When you taste Him, it only makes you hungry for more. You have God cravings. You crave His presence, but you loathe the average church service.

You refuse to let the world around you shape or define you. When you dream it is about the impossible. When you see pain you know you are called to heal it. When you see adversary, you do not fear it because you measure it against YHVH. You are dangerous to evil, because your life is not your own.

To live in Yeshua, to die is gain.

You wonder why you are so strange, so different . When others want to party, you want to pray. When they laugh you weep. When they dance you mourn. You will never fit into the typical societal niche, because you are a reformer.

You won’t live for fame and would never lower your goal to be rich or famous. You want to be like Abraham, Moses, Joshua, David and Esther.

Bullets do not scare you, but mediocrity scares you. Indifference scares you. Losing your life do not scare you, but wasting your life does.

You already died, so you are free!

(Bron onbekend, maar met dank en erkenning aan wie dit toekom vir hierdie waarheid!)

Ons is nie geroep om ons te isoleer van die wêreld nie, maar om afgesonder (heilig) vir YHVH in die wêreld te leef.

We are not called to perfect ourselves for the sake of ourselves. Rather, we are called to be separate from the world, and yet visible in the world. Our separateness in the world is defined for us by the Torah. As tzaddikim we should bring wisdom, light, life, justice, compassion, mercy, righteousness, and peace to the world around us (Glenn McWilliams).

Bepeins of Bespreek

1. Is jy ‘n seën in jou huis (vir jou vrou en kinders) en in jou gemeenskap (woonbuurt, dorp of stad)? Is jy ‘n lig in ‘n donker wêreld en ‘n spieëlbeeld van YHVH en Yeshua? Is jou woorde ‘n fontein van lewe (Spr. 10:11 en 16) en uitgesoekte silwer vol onverdiende guns – ‘n helpende hand. (Spr. 10:20 en 21)? Is die vrug van jou werke soos ‘n boom van die lewe (Spr. 11:30)?

2. Gaan die heerlikheid, grootsheid en vernaamheid van jou omgewing waar jy bly en waar jy betrokke is, afneem wanneer jy nie meer daar is nie?

3. Is jy ‘n seën vir die samelewing en is jy ‘n Torah-hervormer van die samelewing? Jy kan dit slegs wees indien jy aktief betrokke is by jou omgewing en die samelewing! Onthou: Torah-gehoorsaamheid is nie net ‘n intellektuele oefening nie, maar ‘n praktiese leefwyse en demonstrasie van wat jy glo! Dit is jy en ek wat geregtigheid moet gaan doen – ons kan nie iemand anders vir die doel ‘huur’ nie!!

It is now possible to live a "Christian life" without doing the things that Yeshua commanded us to do. "We have hired people to go into all the world, to visit those in prison, to feed the hungry, to clothe the naked, to care for widows and orphans. The average Christian doesn't have to do it – Cal Thomas

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Shabbat Shalom en *Shavua tov* in Yeshua.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.